(b) Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 30 Junie van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van daardie lede wat oorgedra word.

(c) Waar die betrokke Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds goedkeur of waar die fonds vrygestel is van die bepalings van artikel 28 van die Wet op Pensioenfondse na 30 Junie van die heffingsjaar, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar.

(3) Die heffings bedoel in subparagraaf (1) moet nie later nie as 31 Augustus van die heffingsjaar betaal word.

4. Heffing op administrateurs

(1) Die heffing, ten opsigte van 'n administrateur wat ingevolge artikel 13B van die Wet op Pensioenfondse goedgekeur is, is 'n bedrag van R6 718,68, plus 'n bykomende bedrag van R523,78 per fonds soos bedoel in paragraaf 3(1) wat deur die betrokke administrateur geadministreer word, asook R0,64 per lid en elke ander persoon wat gereelde periodieke betalings uit sodanige fondse ontvang maar uitgesluit enige lid of ander persoon, wie se voordele in die fonds onopgeëis is of 'n begunstigde van 'n begunstigdesfonds.

(2) (a) Die berekening van die heffing in subparagraaf (1) word gebaseer op die getal lede en ander persone soos vervat in die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevolge enige wet ingedien is teen 30 Junie van die heffingsjaar.

(b) Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 30 Junie van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van daardie lede wat oorgedra word.

(c) Waar die Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds goedkeur, of waar die fonds vrygestel is van die bepalings van artikel 28 van die Wet op Pensioenfondse na 30 Junie van die heffingsjaar, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar.

(3) Die heffings bedoel in subparagraaf (1) moet nie later nie as 31 Augustus van die heffingsjaar betaal word.

5. Heffing op uittredingsannuïteitsfondse

- (1) (a) Die heffing, ten opsigte van 'n uittredingsannuïteitsfonds bedoel in paragraaf 3(1), is 'n bedrag van R1 138, plus 'n bykomende bedrag gelyk aan 0,00923% van die waarde van die fonds se bates.
- (b) Waar die betrokke Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds na 30 Junie van die heffingsjaar goedkeur, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar.
- (2) (a) Die waarde van die bates van 'n uittredingsannuïteitsfonds is die waarde van daardie bates van die fonds soos bepaal tydens die waardering daarvan deur die versekeraar met die oog op die bepaling van sy verpligtinge wat deur paragraaf 10(2)(b) uitgesluit word van die omskrywing van "verpligtinge", asook enige ander bates deur die fonds gehou om sy verpligtinge ten opsigte van sy lede na te kom.
- (a) Die berekening van die heffing in subparagraaf (1) word gebaseer op die waarde van die bates soos vervat in die jongste statistieke wat by die betrokke Registrateur ingevolge enige wet ingedien is teen 30 Junie van die heffingsjaar.
- (b) Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 30 Junie van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van die waarde van sodanige bates van daardie lede wat oorgedra word.
- (3) Die berekening van die waarde van die bates van 'n uittredingsannuïteitsfonds moet die waarde van 'n kontrak, waarin 'n langtermynversekeraar, in ruil vir die betaling van 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf met die oog op die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n uittredingsannuïteitsfonds om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf, indien enige, insluit.
- (4) Die heffing bedoel in subparagraaf (1) wat betaalbaar is deur 'n uittredingsannuïteitsfonds, moet nie later nie as 31 Augustus van die heffingsjaar betaal word.

6. Heffing vir die Pensioenfondsberegter

- (1) Die heffing vir die Pensioenfondsberegter, ten opsigte van 'n pensioenfonds wat ingevolge die Wet op Pensioenfondse geregistreer of voorlopig geregistreer is, insluitend 'n pensioenbewaringsfonds, voorsorgbewaringsfonds asook 'n uittredingsannuïteitsfonds soos omskryf in artikel 1 van die Inkomstebelastingwet, is 'n bedrag van R4,39 per lid van sodanige fonds en elke persoon wat gereeld periodieke betalings uit sodanige fonds ontvang, maar uitgesluit enige lid of enige ander persoon wie se voordele in die fonds onopgeëis is.
- (2) (a) Indien 'n oordrag van lede aan die gang is wat op 30 Junie van die heffingsjaar nog nie afgehandel is nie, moet die oordraggewende fonds die heffing betaal ten opsigte van daardie lede wat oorgedra word.
(b) Waar die betrokke Registrateur die aanstelling van 'n likwidateur van 'n fonds goedkeur of waar die fonds vrygestel is van die bepalings van artikel 28 van die Wet op Pensioenfondse na 30 Junie van die heffingsjaar, is die heffing van die fonds vir die volle heffingsjaar betaalbaar.
- (3) Hierdie heffing kan saam met die heffing bedoel in paragraaf 3 betaal word, en is betaalbaar op die datum bepaal in paragraaf 3(3).

7. Heffing op onderlinge hulpverenigings

Vanaf 1 April 2006, word 'n onderlinge hulpvereniging wat ingevolge artikel 3(2)(a) van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, geregistreer of voorlopig geregistreer is, vrygestel van die betaling van heffings.

8. Heffing op korttermynversekeraars en onderskrywers van Lloyd's

- (1) (a) Die heffing, ten opsigte van 'n versekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet geregistreer is om korttermynversekeringsbesigheid te dryf, word gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, vir die versekeraar se boekjaar wat eindig gedurende die periode van 1 Julie tot 31 Maart van die huidige heffingsjaar of wat eindig gedurende die periode van 1 April tot 30 Junie van die volgende heffingsjaar, aangesuiwer na die einde van sy boekjaar in ooreenstemming met sy werklike geouditeerde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte.

- (b) Ongeag die lengte van die finansiële periode van die versekeraar, is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,16851% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, plus 0,03890% daarna, of R22 260, watter totale bedrag ookal die grootste is.
- (c) Die koers van krag aan die einde van die finansiële periode van die versekeraar sal van toepassing wees vir die hele periode wat op daardie datum eindig.
- (2) (a) Die heffing, ten opsigte van 'n persoon aangestel ingevolge artikel 57(1) van die Korttermynversekeringswet, word gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste vir die kalenderjaar wat op 31 Desember van die heffingsjaar eindig, maar wat jaarliks na 31 Desember aangesuiwer word in ooreenstemming met die bruto premie-inkomste wat ten behoeve van onderskrywers van Lloyd's in die Republiek vir die vorige kalenderjaar ontvang is soos in die Jaarverslag van die Registrateur van Korttermynversekering gepubliseer.
- (b) Die heffing is 'n bedrag gelyk aan 0,16851% van die eerste R60 miljoen bruto premie-inkomste plus 0,03890% daarna, of R22 260, watter totale bedrag ookal die grootste is.
- (3) 'n Korttermynversekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, geregistreer is of geag geregistreer te wees op enige dag van die heffingsjaar, moet die volle heffings in subparagraaf (1) bedoel, ooreenkomstig subparagraaf (4) betaal.
- (4) (a) Die heffing op beraamde premie-inkomste word betaal in twee paaiemente voor of op 31 Julie en 30 November van die heffingsjaar.
- (b) Die aansuiwering bedoel in subparagraaf (1) word gekombineer met die eerste of tweede betaling na die einde van 'n versekeraar se boekjaar.
- (c) In die geval van onderskrywers van Lloyd's word die aansuiwering bedoel in subparagraaf (2) gekombineer met die November betaling.

9. Spesiale SAB heffing op korttermynversekeraars en onderskrywers van Lloyd's

- (1) (a) Die spesiale SAB heffing, ten opsigte van 'n versekeraar geregistreer ingevolge die Korttermynversekeringswet, word gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte, vir die versekeraar se boekjaar wat eindig gedurende 1 Julie tot 31 Maart van die huidige heffingsjaar of wat eindig gedurende 1 April tot 30 Junie van die volgende heffingsjaar, aangesuiwer na die einde van sy boekjaar

in ooreenstemming met werklike geouditeerde bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte.

- (b) Ongeag die lengte van die finansiële periode van die versekeraar, is die heffing 'n bedrag gelyk aan 0,00667% van die bruto premie-inkomste, insluitend enige rabatte.
 - (c) Die koers van krag aan die einde van die finansiële periode van die versekeraar is toepassing vir die hele periode wat op daardie datum eindig.
- (2) (a) Die spesiale SAB heffing, ten opsigte van 'n persoon aangestel ingevolge artikel 57(1) van die Korttermynversekeringswet, word gebaseer op beraamde bruto premie-inkomste vir die kalenderjaar wat op 31 Desember van die heffingsjaar eindig, wat jaarliks na 31 Desember aangesuiwer word in ooreenstemming met die bruto premie-inkomste wat ten behoeve van onderskrywers van Lloyd's in die Republiek vir die vorige kalenderjaar ontvang is soos in die Jaarverslag van die Registrateur van Korttermynversekering gepubliseer.
- (b) Die spesiale SAB heffing is 'n bedrag gelyk aan 0,00667% van die bruto premie-inkomste.
- (3) 'n Korttermynversekeraar wat ingevolge die Korttermynversekeringswet, geregistreer is of geag geregistreer te wees op enige dag van die heffingsjaar, moet die volle spesiale SAB heffings in subpargaaf (1) bedoel, ooreenkomstig subparagraaf (4) betaal.
- (4) (a) Die spesiale SAB heffing op beraamde premie-inkomste word betaal in twee paaieimente voor of op 31 Julie en 30 November van die heffingsjaar.
- (b) Die aansuiwering bedoel in subparagraaf (1) word gekombineer met die eerste of tweede betaling na die einde van 'n versekeraar se boekjaar.
- (c) In die geval van onderskrywers van Lloyd's word die aansuiwering bedoel in subparagraaf (2) gekombineer met die November betaling.

10. Heffing op langtermynversekeraars

- (1) Die heffing, ten opsigte van 'n langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet geregistreer is of geag geregistreer te wees en gemagtig is om –

- (a) een of meer as een ongeskiktheidspolis, fondspolis, gesondheidspolis, lewenspolis of amortisasiepolis of een of meer van daardie polisse en 'n bystandspolis af te sluit, is 'n bedrag van R106 000 plus 0,00790% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse; of
- (b) alleenlik 'n bystandspolis af te sluit, is 'n bedrag van R10 600 plus 0,00790% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse.
- (2) Die uitdrukking “verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse” in subparagrafe (1)(a) en (b) –
- (a) beteken die verpligtinge soos bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het, en die waarde van sodanige verpligtinge is die bruto verpligtinge kragtens onafgeloste polisse gereflekteer teen die item “Gross policy liabilities” in kolom 7 van Staat C9 van die Langtermynopgawe (uiteengesit in Aanhangel A van die Skedule tot Raadskennisgewing 133 van 2012, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 35585 van 17 Augustus 2012) of beteken, indien die langtermynversekeraar geen boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het gehad het nie, die bruto verpligtinge soos aangedui aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het;
- (b) sluit nie die verpligtinge ingevolge 'n kontrak ingevolge waarvan 'n langtermynversekeraar, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die doel van die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, of 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf, in nie: Met dien verstande dat die verpligtinge wat van die omskrywing uitgesluit is, nie verpligtinge insluit nie ingevolge 'n kontrak wat uitsluitlik betrekking het op 'n bepaalde lid van 'n onderlinge hulpvereniging of 'n pensioenfondsorganisasie, of op die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van 'n bepaalde lid van die onderlinge hulpvereniging of pensioenfondsorganisasie.

- (3) 'n Langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, geregistreer is of geag geregistreer te wees –
- (a) op 1 April van die heffingsjaar, moet die volle heffings in subparagraawe (1)(a) en (b) bedoel, ooreenkomstig subparagraaf (4) betaal; of
 - (b) na 1 April maar nie na 1 Oktober van die heffingsjaar nie, moet die helfte van die heffings in subparagraawe (1)(a) en (b) bedoel, in een bedrag betaal as die enigste betaling, voor of op 30 November van die heffingsjaar.
- (4) Die heffings in subparagraaf (3)(a) bedoel moet in twee paaielemente betaal word, naamlik –
- (a) 50% van die heffing of, sou die werklike bedrag nie beskikbaar wees nie, 'n redelike skatting van sodanige heffing gebaseer op 'n redelike beraming van die waarde van die verpligtinge in subparagraaf (2) bedoel, voor of op 31 Julie van die heffingsjaar; en
 - (b) die balans van die heffing, voor of op 30 November van die heffingsjaar.
- (5) Indien die paaielement gebaseer is op 'n skatting soos in subparagraaf (4)(a) bedoel, moet 'n regstelling in ooreenstemming met die werklike waarde van die verpligtinge in subparagraaf (2) bedoel, gekombineer word met die volgende heffingspaaielement nadat sodanige werklike waarde vasgestel en aan die Raad verskaf is.

11. Spesiale SAB heffing op langtermynversekeraars

- (1) Die spesiale SAB heffing, ten opsigte van 'n langtermynversekeraar geregistreer of geag geregistreer te wees ingevolge die Langtermynversekeringswet, en gemagtig is om een of meer as een bystandspolis, ongeschiktheidspolis, fondspolis, gesondheidspolis, lewenspolis of amortisasiepolis af te sluit, is 0,00133% van die verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse.
- (2) Die uitdrukking “verpligtinge ingevolge onafgeloste langtermynpolisse” in subparagraaf (1) –
- (a) beteken die verpligtinge soos bepaal aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het. Die waarde van sodanige verpligtinge –

- (i) is die bruto verpligtinge kragtens onafgeloste polisse gereflekteer teen die item “Gross policy liabilities” in kolom 7 van Staat C9 van die Langtermynopgawe (uiteengesit in Aanhangsel A van die Skedule tot Raadskennisgewing 133 van 2012, gepubliseer in *Staatskoerant* No. 35585 van 17 Augustus 2012); of
 - (ii) indien die langtermynversekeraar geen boekjaar wat in die kalenderjaar wat die heffingsjaar voorafgaan ten einde geloop het, gehad het nie, is die bruto verpligtinge soos aangedui aan die einde van die versekeraar se boekjaar wat in die kalenderjaar wat die vorige heffingsjaar voorafgaan, ten einde geloop het;
- (b) sluit nie die verpligtinge ingevolge 'n kontrak ingevolge waarvan 'n langtermynversekeraar, in ruil vir 'n premie, onderneem om polisvoordele te verskaf vir die volle of gedeeltelike befondsing van die verpligting van 'n onderlinge hulpvereniging soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Onderlinge Hulpverenigings, of 'n pensioenfondsorganisasie soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Pensioenfondse, om voordele aan sy lede ingevolge sy reëls te verskaf, in nie: Met dien verstande dat die verpligtinge wat van die omskrywing uitgesluit is, nie verpligtinge ingevolge 'n kontrak wat uitsluitlik betrekking het op 'n bepaalde lid van 'n onderlinge hulpvereniging of 'n pensioenfondsorganisasie, of op die oorlewende gade, kinders, afhanklikes of benoemdes van 'n bepaalde lid van die onderlinge hulpvereniging of pensioenfondsorganisasie, insluit nie.
- (3) 'n Langtermynversekeraar wat ingevolge die Langtermynversekeringswet, geregistreer is of geag geregistreer te wees –
- (a) op 1 April van die heffingsjaar, moet die volle spesiale SAM heffings in subparagraaf (1) bedoel ooreenkomstig subparagraaf (4) betaal; of
 - (b) na 1 April maar nie na 1 Oktober van die heffingsjaar nie, moet die helfte van die spesiale SAM heffings in subparagraaf (1) bedoel in een bedrag betaal as die enigste betaling, voor of op 30 November van die heffingsjaar.
- (4) Die spesiale SAM heffings in subparagraaf (3)(a) bedoel moet in twee paaiemente betaal word naamlik –
- (a) 50% van die heffing of, sou die werklike bedrag nie beskikbaar wees nie, 'n redelike skatting van sodanige heffing gebaseer op 'n redelike beraming van die waarde van die verpligtinge in subparagraaf (2) bedoel, voor of op 31 Julie van die heffingsjaar; en
 - (b) die balans van die heffing, voor of op 30 November van die heffingsjaar; en

- (c) indien die paaie ment gebaseer is op 'n skatting soos in subparagraaf (4)(a) bedoel moet 'n regstelling in ooreenstemming met die werklike waarde van die verpligtinge in subparagraaf (2) bedoel gekombineer word met die volgende heffingspaaie ment nadat sodanige werklike waarde vasgestel en aan die Raad verskaf is.

12. Heffing op tussengangers

- (1) Die heffing, ten opsigte van 'n agent, makelaar of ander persoon bedoel in artikel 45 van die Korttermynversekeringswet, is 'n bedrag gelyk aan 0,01901863% van die totale bruto premies waaroor verslag gedoen is deur 'n ouditeur of rekenkundige beampte, na gelang van die geval, ingevolge regulasie 4.4 kragtens genoemde Wet, wat deur sodanige agent, makelaar of ander persoon gedurende sy jongste boekjaar ten behoeve van geregistreerde versekeraars en onderskrywers by Lloyd's ontvang is, of R140, watter totale bedrag ookal die grootste is.
- (2) Die heffing bedoel in subparagraaf (1), moet nie later nie as 31 Oktober van die heffingsjaar betaal word en word gebaseer op die totale bruto premies op 31 Augustus van elke heffingsjaar soos verskaf deur die Suid-Afrikaanse Versekerings-vereniging, onderhewig aan 'n maksimum bruto premie van R196 538 867, gelykstaande aan 'n maksimum heffing van R37 379.

13. Heffing op kollektiewe beleggingskemas in effekte

- (1) (a) Die heffing, ten opsigte van kollektiewe beleggingskemas in effekte, soos bedoel in Deel IV van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, is 'n totale bedrag van R14 234 231, vir al sodanige skemas geadministreer deur 'n bestuurder wat kragtens artikel 42 van genoemde Wet te eniger tyd gedurende die heffingsjaar geregistreer is.
- (b) Die bedrag is betaalbaar in vier kwartaallikse paaie mente op of voor 25 Junie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar.
- (c) Die kwartaallikse bedrae word bepaal op die grondslag van statistiek soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal en word verdeel tussen alle bestuurders wat op daardie dag geregistreer is.

- (2) Die berekening van verskuldigde heffings is soos volg:
- (a) 10% in gelyke mate verdeel tussen alle bestuurders;
 - (b) 60% verdeel ooreenkomstig die aantal portefeuljes deur elke bestuurder geadministreer; en
 - (c) 30% verdeel in verhouding tot die totale bates deur elke bestuurder geadministreer.

14. Heffing op buitelandse kollektiewe beleggingskemas

- (1) Die heffing, ten opsigte van buitelandse kollektiewe beleggingskemas goedgekeur ingevolge artikel 65 van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, is in vier kwartaallikse paaiemente betaalbaar en elke paaiement bestaan uit –
- (a) 'n bedrag van R9 922, ten opsigte van elke skema;
 - (b) 'n bedrag van R5 381, ten opsigte van elke portefeulje, fonds of subskema; en
 - (c) 0,00029463% van die netto bates onder bestuur namens Suid-Afrikaanse beleggers.
- (2) Die heffing is betaalbaar in vier kwartaallikse bedrae op of voor 25 Junie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar. Die bedrae word bereken op die grondslag van statistiek soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal, welke statistieke binne 30 dae na sodanige kwartaaleinde aan die betrokke Registrateur voorsien moet word.
- (3) By die toepassing van subparagraaf (2), moet die statistiek wat aan die betrokke Registrateur voorsien word, besonderhede bevat van alle verkope en aflossings of terugkope binne Suid-Afrika.
- (4) Heffings is ten opsigte van alle maande binne enige betrokke kwartaal betaalbaar.

15. Heffing op kollektiewe beleggingskemas in eiendom

- (1) Die heffing, ten opsigte van 'n bestuurder van 'n kollektiewe beleggingskema in eiendom, soos bedoel in Deel V in die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, is 'n bedrag van R87 593, op elke portefeulje.
- (2) Die heffing bedoel in subparagraaf (1) moet nie later nie as 25 Junie van die heffingsjaar betaal word.

16. Heffing op kollektiewe beleggingskemas in deelnemingsverbande

- (1) Die heffing, ten opsigte van 'n bestuurder wat 'n kollektiewe beleggingskema in deelnemingsverbande administreer, soos bedoel in Deel VI in die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, is 'n bedrag van R9 197, plus 'n bedrag wat bereken word deur die totale bedrag verskuldig deur verbandgewers op 31 Desember 2013 te vermenigvuldig met die syfer 0,0175525%.
- (2) Die heffing bedoel in subparagraaf(1) moet nie later nie as 25 Junie van die heffingsjaar betaal word.

17. Heffing op kollektiewe beleggingskemas in verskansingsfondse

- (1) Die heffing, ten opsigte van kollektiewe beleggingskemas in verskansingsfonds sodanig verklaar ingevolge artikel 63 van die Wet op Beheer van Kollektiewe Beleggingskemas, is in vier kwartaallikse paaiemente betaalbaar en elke paaiement bestaan uit –
 - (a) 'n bedrag van R9 922, ten opsigte van elke skema;
 - (b) 'n bedrag van R5 381, ten opsigte van elke portefeulje, fonds of subskema; en
 - (c) 0,004% van die netto bates onder bestuur.
- (2) Die bedrae word bereken op die grondslag van statistiek soos aan die einde van die voorafgaande kwartaal, welke statistieke binne 30 dae na sodanige kwartaaleinde aan die betrokke Registrateur voorsien moet word.
- (3) Heffings is ten opsigte van alle maande binne enige betrokke kwartaal betaalbaar.

18. Heffing op beurse

- (1) Ten opsigte van die JSE Beperk, 'n beurs wat ingevolge artikel 9 van of die Wet op Finansiële Markte gelisensieër is, is die heffing 'n bedrag van R12 657 352.07.
- (2) Die heffing bedoel in subparagraaf (1) moet nie later nie as 10 Junie van die heffingsjaar betaal word.

19. Heffing op gemagtigde verskaffers van finansiële dienste

(1) Behoudens subparagraaf (4), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, as 'n Kategorie I of IV verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die "Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2008", uitgesonderd enige sodanige verskaffer wat ook 'n Kategorie II, IIA of III verskaffer bedoel in subparagraaf (3) is, voor of op 31 Oktober van die heffingsjaar die heffing, wat onderworpe is aan 'n maksimum bedrag van R1 609 099, en soos volg bereken word, betaal:

(a) 'n basisbedrag van R3 391; en

(b) $A \times R542$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar.

(2) Behoudens subparagraaf (4), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, as 'n Kategorie II, IIA of III verskaffer van finansiële dienste soos omskryf in die "Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2008", voor of op 31 Oktober van die heffingsjaar 'n heffing betaal wat onderworpe is aan 'n maksimum bedrag van R1 609 099, en soos volg bereken word:

(a) 'n basisbedrag van R6 832; en

(b) $A \times R542$; en

(c) $B \times 0,0000175073$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die betrokke Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die gemagtigde verskaffer van finansiële

dienste, minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar; en

B = die totale waarde van beleggings bestuur namens kliënte ingevolge die magtiging as 'n verskaffer van finansiële dienste op 30 Junie van die heffingsjaar: Met dien verstande dat beleggings onder bestuur wat in buitelandse valuta gehou word, ingesluit moet word teen die wisselkoers wat op daardie datum in die Pers gepubliseer is.

(3) Behoudens subparagraaf (4), moet 'n persoon wat ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste, as 'n Kategorie I verskaffer van finansiële dienste gemagtig is soos beoog in subparagraaf (1), en wat slegs finansiële dienste lewer ten opsigte van finansiële produkte wat behoort aan Langtermynversekering Kategorie A soos bedoel in sub-kategorie 1.1 in Kolom Een van Tabel A in paragraaf 4(1) van die "Determination of Fit and Proper Requirements for Financial Services Providers, 2008", voor of op 31 Oktober 'n heffing betaal wat onderworpe is aan 'n maksimum bedrag van R1 609 099, en soos volg bereken word :

- a. 'n basisbedrag van R3 391; en
- b. $A \times R250$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die betrokke Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar.

(4) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste wat deel vorm van dieselfde regsentiteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van die enkele heffing bedoel in subparagawe (1), (2) of (3), na gelang van die geval. Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiële dienste te wees.

(5) Waar die goedkeuring van 'n verskaffer op 31 Augustus 2015 opgeskort was en die opskorting word teruggetrek deur die betrokke Registrateur, is 'n heffing in ooreenstemming met die betrokke subparagraaf, betaalbaar, binne 30 vanaf die datum

van die opheffing van die opskorting van die lisensie, wat onderworpe is aan 'n maksimum bedrag soos uiteengesit in subparagraaf (1), (2) en (3). Die heffing word bereken met verwysing na die betrokke statistieke van die verskaffer van finansiële dienste op die datum waarop die opskorting opgehef word.

- (6) Nalating om die heffing genoem in hierdie paragraaf te betaal mag veroorsaak dat die lisensie van die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste teruggetrek word ingevolge die bepalings van artikel 9 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste.

20. Heffing vir befondsing van Kantoor van Ombud vir Verskaffers van Finansiële Dienste

- (1) Behoudens subparagraaf (2), moet 'n persoon wat gemagtig is ingevolge artikel 8 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste as 'n erskaffer van finansiële dienste, voor of op 31 Oktober van die heffingsjaar die heffing, wat onderworpe is aan 'n maksimum bedrag van R226 132, en soos volg bereken word, betaal:

- (a) 'n basisbedrag van R835; en
(b) $A \times R318$

waar-

A = die totale getal sleutelpersone van die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste goedgekeur deur die Registrateur plus die totale getal verteenwoordigers aangestel deur die gemagtigde verskaffer van finansiële dienste, minus sleutelpersone wat ook aangestel is as verteenwoordigers, soos op 31 Augustus van die heffingsjaar.

- (2) Meervoudige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste wat deel vorm van dieselfde regsentiteit is gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir betaling van die enkele heffing bedoel in subparagraaf (1). Vir die doel van sodanige betaling, word die sleutelpersone en die verteenwoordigers van sodanige gemagtigde verskaffers van finansiële dienste geag sleutelpersone en verteenwoordigers van een gemagtigde verskaffer van finansiële dienste te wees.

- (4) Nalating om die heffing soos genoem in subparagraaf (1) te betaal mag veroorsaak dat die lisensie van die gemagtigde verskaffer teruggetrek word ingevolge artikel 9 van die Wet op Finansiële Advies- en Tussengangerdienste.

21. Heffing op sentrale effektebewaarnemers

- (1) Ten opsigte van Strate Beperk, 'n sentrale effektebewaarnemer, gelisensieër ingevolge artikel 29 van die Wet op Finansiële Markte, is die heffing 'n bedrag van R3 030 153.50.
- (2) Die heffing bedoel in subparagraaf (1) moet nie later nie as 10 Junie van die heffingsjaar betaal word.

22. Heffing op finansiële markte ten opsigte van markmisbruik

- (1) 'n Heffing van R19 336 788 vir die betaling van die koste verbonde aan die uitvoering van die werksaamhede van die Raad en van die Direkoraat van Markmisbruik ingevolge die Wet op Finansiële Markte word betaal deur die JSE Beperk.
- (2) Die heffing bedoel in subparagraaf (1) is betaalbaar in vier kwartaalikse paaiemente van R4 834 197 elk voor of op 10 Junie, 30 September, 31 Desember en 31 Maart van die heffingsjaar.
- (3) Bykomend tot die totale heffing in subparagraaf (1) bedoel, is die regskoste wat werklik deur die Raad aangegaan is ten opsigte van markmisbruik gedingvoering kwartaalliks agterna betaalbaar deur die JSE Beperk.

23. Heffing op kredietgraderingsagentskappe

- (1) Die heffing, ten opsigte van kredietgraderingsagentskappe geregistreer in terme van artikel 5 van die Wet op Kredietgraderingsdienste, is 'n totale bedrag van R3 200 000 en is betaalbaar voor of op 31 Julie van die heffingsjaar.
- (2) Die berekening van verskuldigde heffings is soos volg:
- Die basisheffing vir die betaling van die koste vir die verrigting van die funksies van die betrokke Registrateur ingevolge die Wet op Kredietgraderingsdienste is R3,200,000, gelykop verdeel tussen al die geregistreeerde kredietgraderingsagentskappe soos op 31 Mei.

ALGEMEEN

24. Betaling van heffings

- (1) Die heffings en rente daarop (as daar is) in hierdie Kennisgewing bedoel is deur die betrokke finansiële instelling aan die Raad betaalbaar deur middel van 'n tjek, posorder, geldwissel, of 'n geldoordrag.
- (2) Rente sal gehef word op alle uitstaande rekeninge teen die gekwoteerde prima oortrekkingskoers.

25. Aansoek om vrystelling

- (1) 'n Aansoek deur 'n finansiële instelling om die verlening kragtens artikel 15A(4) van die Wet van vrystelling van 'n bepaling van hierdie Kennisgewing moet skriftelik gerig word aan die Uitvoerende Beampte, Raad op Finansiële Dienste, Posbus 35655, Menlopark, 0102, op 'n datum minstens een maand voor die datum waarop die vrystelling ooreenkomstig die aansoek in werking moet tree.
- (2) So 'n aansoek moet volledige besonderhede bevat van die finansiële instelling, die magtiging van die persone wat die aansoek onderteken en die datum waarop die vrystelling, indien verleen, in werking moet tree en moet volledig die redes vir die aansoek uiteensit.
- (3) Die aansoek moet-
 - (a) 'n bevestiging bevat van die betrokke finansiële instelling om, by ontvangs van so 'n versoek, die Uitvoerende Beampte onverwyld te voorsien van ander of verdere inligting of besonderhede wat die Raad mag verlang in verband met die betrokke instelling of aansoek; en
 - (b) besonderhede bevat van die adres waar die instelling betekening deur die Raad sal ontvang van enige kennisgewing beoog in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet.
- (4) 'n Kennisgewing bedoel in artikel 15A(4)(b)(ii) van die Wet word op las van die Raad deur die Uitvoerende Beampte per geregistreerde pos beteken by die adres wat die finansiële instelling ooreenkomstig subparagraaf(3)(b) in sy aansoek om vrystelling verstrek het.

26. Gekonsolideerde betalings

Indien enige liggaam wat deur die Raad as ten volle verteenwoordigend van 'n kategorie finansiële instellings beskou word, in 'n bepaalde heffingsjaar aanbied om 'n gekonsolideerde betaling van heffings te maak namens daardie kategorie ingevolge 'n ooreenkoms aangegaan tussen sodanige kategorie en die liggaam, kan die Raad so 'n aanbod aanvaar indien die betaling gemaak word ooreenkomstig die bepalinge van hierdie Kennisgewing: Met dien verstande dat indien om enige rede so 'n gekonsolideerde betaling nie aldus op die voorgeskrewe datums van betaling gemaak word nie, elke afsonderlike betrokke finansiële instelling ten volle aanspreeklik bly vir die heffing deur hom verskuldig plus rente (as daar is) op daardie bedrag bereken ooreenkomstig paragraaf 24(2).

27. Intrekking van kennisgewings en voorbehoud

- (1) Raadskennisgewing 62 van 13 Junie 2014 word, behoudens subparagraaf (2), ingetrek.
 - (2) Indien op die datum van inwerkingtreding van hierdie Kennisgewing enige finansiële instelling nog nie 'n heffing en rente verskuldig daarop, soos opgelê ingevolge 'n bepaling van die kennisgewing in subparagraaf (1) vermeld, ten volle betaal het nie, word enige sodanige bepaling, tesame met enige ander bepaling van sodanige kennisgewing wat verband hou met eersbedoelde bepaling, geag ten opsigte van die betrokke instelling en die betrokke verskuldigde bedrag nog nie deur subparagraaf (1) ingetrek te wees nie totdat sodanige skuld ten volle vereffen is.
-

IMPORTANT Reminder from Government Printing Works

Dear Valued Customers,

As part of our preparation for eGazette Go Live on 9 March 2015, we will be suspending the following existing email addresses and fax numbers from **Friday, 6 February**.

Discontinued Email addresses	Discontinued Fax numbers
GovGazette&LiquorLicense@gpw.gov.za	+27 12 334 5842
Estates@gpw.gov.za	+27 12 334 5840
LegalGazette@gpw.gov.za	+27 12 334 5819
ProvincialGazetteGauteng@gpw.gov.za	+27 12 334 5841
ProvincialGazetteECLPMPNW@gpw.gov.za	+27 12 334 5839
ProvincialGazetteNCKZN@gpw.gov.za	+27 12 334 5837
TenderBulletin@gpw.gov.za	+27 12 334 5830

To submit your notice request, please send your email (with Adobe notice form and proof of payment to submit.egazette@gpw.gov.za or fax +27 12-748 6030.

Notice requests not received in this mailbox, will **NOT** be processed.

Please **DO NOT** submit notice requests directly to your contact person's private email address at GPW – Notice requests received in this manner will also **NOT** be processed.

GPW does not accept responsibility for notice requests submitted through the discontinued channels as well as for the quality and accuracy of information, or incorrectly captured information and will not amend information supplied.

Thank you!

For any queries, please contact the eGazette Contact Centre.



info.egazette@gpw.gov.za (only for queries).

Notice requests received in this mailbox will **NOT** be processed.



012-748 6200



eGazette



Printed by and obtainable from the Government Printer, Bosman Street, Private Bag X85, Pretoria, 0001
 Publications: Tel: (012) 748 6052, 748 6053, 748 6058
 Advertisements: Tel: (012) 748 6205, 748 6208, 748 6209, 748 6210, 748 6211
 Subscriptions: Tel: (012) 748 6054, 748 6055, 748 6057